

# Leiding deur die Heilige Gees – Francois Malan

Willie vra:

Ek verwys na Kol 1:9-14

Leiding deur Die Heilige Gees- hoe werk dit presies? Sien asb my vrae hieronder

Ek hoor die evangelie en glo dit . Is ek reg as ek sê die pad van Heilgmaking begin dan? Ek gaan dan deur die lewe en is veronderstel om op die pad te loop , gehoorsaam aan God.

Dit gebeur egter nie altyd nie , of selfs die meeste van die tyd nie omdat ek n sondige natuur het.

Paulus bid hier vir die gemeente in Kolosse en vra vir geestelike insig en wysheid sodat hulle heeltemal seker is van wat God wil hê.

Dan, vers 11-Deur die krag van Sy Godelike heerlikheid sal Hy ons toerus met krag om geduldig te volhard- ek neem aan dit is wanneer n mens byvoorbeeld deur n moeilike tyd gaan en net aanhou vashou aan God , met Hom praat sonder ophou ?

Vraag 1 – Hoe lei die Heilige Gees my in die alledaaglikse lewe. By die werk , by die huis ens. Kom ek gee 'n voorbeeld . Ek het n trekker wat gebreek het . Ek het die trekker nodig om groente in die grond in te kry . Ek het nie kontant om dit te laat regmaak nie . Nou dink ek sal geld moet leen om dit te kan doen. Nou bid ek daarvoor en ek vra God of die regte ding is om te doen . Hoe gaan ek weet wat Sy wil in die saak is . Is dit reg om God ook in sulke dinge te ken ? Ons leer ook dat ons geduldig moet wag op Sy antwoord – weereens hoe gaan ek weet nou het God geantwoord en dit is die regte pad om te loop?

Vraag 2- Dan net in elke dag se lewe vandat ek opstaan tot ek gaan slaap – Moet ek leer om deur die Heilge Gees begelei te word of is dit soos by my redding , waar ek die Heilige Gees ontvang het?? – ek het niks gedoen om dit reg te kry nie , God

het dit gedoen . As ek dit moet leer hoe doen ek dit en as dit is hoe dit werk beteken dit dan nie dat die Heilige Gees niks kan uitrig tensy ek geleer het hoe nie?? ( maak nie sin vir my nie )

Vraag 3 – Wat is Geestelike wysheid en insig?

Vraag 4 – Wat presies is die krag waarna verwys word ?

Vraag 5 – Het God n unieke plan vir my , Willie Esterhuizen, se lewe en hoe sal ek weet wat die pad is ?

Weet U, ek glo met my hele hart en verstand Jesus Christus het die ewige lewe vir my verdien , ek glo dat God die Heilige Gees vir my gegee het anders sou ek nie geglo het wat in die Bybel staan nie .

Ek sukkel egter om bg vrae te verstaan

## **Antwoord**

Prof Francois Malan antwoord:

Leiding deur Die Heilige Gees- hoe werk dit presies?

Die Heilige Gees is God wat in my kom woon (Kol 1:11 se 'mag van sy heerlijkheid') om my te oortuig dat ek 'n sondaar is en dat Jesus my verhouding met God kom regmaak het deur al my sonde op Hom te neem en die straf daarvoor reeds aan die kruis gedra het, en dat ek nou deur God aangeneem is as sy kind wat aan sy Seun se dood en opstanding verbind is (vgl. Joh 16:8; Rom 8:14-17). Die Gees oortuig my, maar dit is ek wat besluit om in Jesus te glo dat Hy God is wat mens geword het om die sonde van die wêreld weg te neem (Jn 1:1-3,14,29) en ek wat besluit om Hom te volg met my lewe en optrede. Nou werk die Heilige Gees daaglik aan ons om ons te verander om al meer soos Jesus te lewe in liefde en nederige diensbaarheid aan mekaar – dit is die pad van ons heiligmaking wat beteken vrywillige toewyding aan die Here en sy woord en wil, en aan die mense wat die Here op my pad bring (vgl. 2 Kor 3:18; Joh 13:34; Mat 25:34-40). Die vrug van die werking van die Gees in

ons lewe word in Galasiërs 5:22-23 uitgespel, teenoor die werke van ons sondige aard (Gal 5:19-21). Die krag wat Hy ons gee, is nie net vir moeilike tye nie, maar vir my daaglikse stryd met myself en my getuienis in die wêreld deur my lewe, gedrag, woorde en denke. Die Here se pad is die pad van reg en geregtigheid vir almal, en ons optrede moet daaraan gemeet word (Spreekw 2:9; Jesaja 1:16-17).

Die leiding van die Gees geskied deur oortuiging, dat Hy my tot 'n oortuiging lei wat die regte optrede in 'n spesifieke situasie sal wees. Daarvoor gebruik Hy veral die woord van God wat ons in die Bybel lees, deur preke wat ons hoor, deur dinge wat ons lees, deur mense se opmerkings en raad, deur omstandighede, deur ons denke en beplanning. Soms gaan 'n deur juis vir ons toe, en wag ons biddend op 'n nuwe geleentheid wat die Here vir ons oopmaak (vgl. Hand. 16:6-10).

Die Heilige Gees neem ons nie oor nie, maar maak my oë oop om my myself beter te ken, my vermoëns nie te oorskat of te onderskat nie, my eie selfsug raak te sien en hoe ek vir ander tot diens kan wees. Hy bevry my wil en lei my denke om die waarheid te ken, te praat en te doen (vgl. Jesus se gebed in Getsemane, Mat. 26:39,42). Hy gee my 'n aanvoeling van wat vermy moet word en die krag om die regte ding te doen. Maar die besluit is myne uit my oortuiging onder sy leiding. Maar my oortuiging moet steeds getoets word aan die riglyne van God se woord.

## **Vraag 1&2**

Ja, ons kan die Here se leiding oor elke ding vra, want Hy het in ons kom woon om ons daaglik te lei en te versterk, met elke besluit en elke optrede. Die besluit oor die lening vir die regmaak van die trekker val ook hieronder. Maar dit is jy wat moet besluit wat om te doen uit oortuiging dat dit die pad is waarop die Here jou lei in jou omstandighede, maar ook hier

sal die Here deure oopmaak of toemaak om jou te lei.

### **Vraag 3 oor Kol 1:9**

Om deur die Heilige Gees vervul te word tot die volle kennis van God se wil vereis gehoorsaamheid van ons, waarvoor Paulus juis hier bid. Dit gaan oor ons praktiese lewe waarvoor wysheid en insig nodig is in ons daaglikse lewe (vgl. Eksodus 31:3 waar die goudsmid deur die Gees toegerus word om met kennis/vaardigheid, insig en verstand enige werk vir die tempel te kon doen; Jesaja 28:23-29 dat die Here die boer leer en hom die kennis gee hoe om te boer). Dit gaan ook om praktiese bekwaamheid om reg en verkeerd te onderskei volgens die wil van God.

**Vraag 4** Die krag van God se heerlikheid wat Hy aan die mens gee deur die Heilige Gees wat in ons kom woon, stel ons in staat om geduldig in alles te volhard (Kol 1:11) – Die volharding verwys veral na die vermoë om onder moeilike omstandighede uit te hou en te verdra; geduld verwys na die emosionele kalmte onder uitlokking, belediging of ongeluk sonder om te kla of om geïrreteerd te word (vgl. Jesus se kalmte tydens die Joodse leiers se beskuldigings voor Pilatus, Mat 27:12, soos 'n lam is Hy stil na die slagplek gelei, Jesaja 53:7).

**Vraag 5** God se unieke plan vir Willie Esterhuizen.

Elke mens is uniek. In Jesaja 43:7 verwys die Here na '...elkeen wat Ek geskep het tot my eer, wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het,' vgl. Ps 139:13-16. Hy gee aan elke mens die asem, die lewe aan alles wat op die aarde beweeg (Jesaja 42:5). Deur Hom lewe ons, beweeg ons, en bestaan ons (Handelinge 17:28).

Efesiërs 4:7 sê: Maar aan elkeen van ons is 'n genadegawe geskenk soos Christus dit uitgedeel het.

Vir die gemeentelede in Korinte sê Paulus: laat elkeen leef in ooreenstemming met wat die Here hom toebedeel het, soos God elkeen geroep het...besnede Jood of onbesnede Griek bly so ... maar wel gehoorsaam aan God se gebooie. Elkeen moet bly by die roeping waarin hy was toe hy geroep is. Is jy as 'n slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie, maar as jy tog kan vry word, maak ten alle koste daarvan gebruik...laat elkeen voor God bly soos hy was toe hy geroep is (1 Kor 7:17-24). Christenskap beteken getrouheid in die werk waarin jy staan. Kolossense 3:17: En wat julle ook al doen, in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus, terwyl julle God die Vader deur Hom dank. Kol 3:23: Wat julle ook al doen, werk met geesdrif, soos vir die Here en nie soos vir mense nie.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)